

Die verskynsel van teksvariasie: 'n Kort historiese oorsig

Deur: Prof GDS Smit [*B.A. (cum laude)(Univ. v. Pretoria); B.Th (cum laude)(APA); B.A. (Hons.)(Grieks en Semitiese tale)(cum laude)(Univ. v. Pretoria); M.A (Grieks)(cum laude)(Univ. v. Pretoria); MA (Semitiese Tale)(Cum Laude); D.Litt. (Antieke Tale (UP)]*

En

Prof. HS Theron [BA (UP); BD (UP); MA (Grieks)(UP); MTh (Unisa); DTh (Nuwe Testament)(Unisa); D.Drs. (Unisa)]

Daar bestaan nie meer een enkele oorspronklike MS van enige boek van die Griekse NT nie. Almal is verlore. Wat vandag beskikbaar is, is bloot kopieë van die oorspronklike.

1. MANUSKRIPTE

Die MSS van die Griekse NT word op grond van formele eienskappe in vier groepe verdeel: Die eerste groep is die Papiri, wat alle MSS wat op papyrus geskryf is, insluit. Onder die MSS wat *nie* op papyrus geskryf is nie, word 'n driedeling gemaak, naamlik tussen Unsiële, Minuskels en Leksionaria. *Unsiële* is perkament- of papiermanuskripte wat in unsiële- of majuskelskrif geskryf is, terwyl *minuskels* perkament- of papiermanuskripte is wat in kursief- of minuskelskrif geskryf is. Die *Leksionaria* is liturgiese leesboeke en bevat slegs perikope wat vir gebruik in die erediens uitgesoek is.

Daar is vandag 5 465 MSS van die Griekse NT bekend. Daaronder is 93 papiri, 291 unsiële-MSS, 2 807 minuskel-manuskripte en 2 274 leksionaria.

Die oudste MS is 'n klein papyrus-fragment, p. 52, en dateer uit die eerste gedeelte van die 2de eeu, tussen 112 en 120. Nog twee MSS, een papyrus en een unsiële, dateer uit die 2de eeu. Beide is ook maar klein fragmente. In die 3de eeu is daar altesaam 34 MSS, waarvan 31 papiri en 3 unsiële. Uit die 4de eeu is daar 36 MSS (20 papiri en 16 unsiële) bekend; uit die 5de eeu 52 (8 papiri en 44 unsiële) en uit die 6de eeu 69 (9 papiri, 60 unsiële).

Onder al die MSS wat bekend is, is daar slegs 59 (ongeveer 2%) wat die NT in geheel bevat; 149 bevat die hele NT behalwe Openbaring, 282 is blote fragmente, terwyl die res bepaalde korpusse bevat: 1942 bevat die Evangelies, 405 bevat Handeling en die Algemene Briewe, 501 die Paulusbriewe waarby Pastorale Briewe en Hebreërs ingesluit is; 220 bevat Openbaring.

1.1 Papiri

Verreweg die meeste papiri is eers in die 20ste eeu ontdek en feitlik almal is in Egipte of die droë Sinai woestyn ontdek. Gewoonlik is papiri in groot groepe ontdek en papiri wat die NT bevat, het dan maar 'n klein deel van die groepe gevorm. Van die bekendste

versamelings is die Nag-Hammadi en Oxyrynchus papiri. Veral 2 groepe papiri is besonder belangrik: die Chester Beatty en die Martin Bodmer-papiri.

a. Die Chester Beatty-papiri

Hierdie papiri het in 1930 aan die lig gekom toe Sir Chester Beatty 'n aantal papirusmanuskripte van 'n Egiptiese handelaar gekoop het. Onder hierdie groep was p. 45, p. 46 en p. 47, en is dit van die oudste MSS van die Griekse NT wat bekend is. P.45, wat die Evangelies en Handelingte bevat dateer uit die vroeë 3de eeu; p.46, wat sommige van die Pauliniese Briewe en die Hebreërsbrief bevat, dateer uit dieselfde tyd en dalk selfs 50 jaar vroeër. P.47 wat Openbaring bevat, is effens later in die 3de eeu.

b. Die Martin-Bodmer-papiri

Ongeveer 'n kwarteeu na die ontdekking van die Chester Beatty papiri kom nog belangriker papiri aan die lig deurdat Martin Bodmer van Geneve in die middel van die vyftigerjare 'n aantal nuutgevonde papiri bekom. Onder hierdie papiri was veral vier wat die NT bevat het: p.66 wat die Evangelie van Johannes bevat en dateer uit die einde van die 2de of begin van die 3de eeu. Dit is die oudste bekende eksemplaar van die Johannes Evangelie wat meer as 'n blote fragment is, p. 72 bevat Judas - en die twee Petrus-briewe, en dateer uit die 3de eeu en is weer die oudste bekende MS van die Algemene Briewe. P. 74 bevat die hele Handelingte en fragmente van die Algemene Briewe. Dit dateer uit die 6de of 7de eeu en verteenwoordig gevolglik een van die jongste papirusmanuskripte van die NT. die P.75 bevat die 3de en 4de Evangelies, en is waarskynlik uit laat 2de eeu en is oudste MS van Lukas.

c. P. 52

Papirus 52 is in 1935 deur CH Roberts in die papirusversameling van die John Rylands Biblioteek in Manchester ontdek. Dit bevat maar 6 verse van die Johannesevangelie nl. 18:31-34 en 18:37-38. Die fragment word gedateer vroeg in die eerste helfte van die eerste eeu (:115-120), gevolglik staan dit as die oudste kopie van die NT bekend.

1.2 Unsiële

Omdat die unsiëlemanuskripte op perkament geskryf is, is daar heelwat meer van hulle bekend en is hulle tekste gewoonlik in 'n heelwat beter toestand as die papiri. Die oudste unsiële, uit die 3de eeu, is in 'n mate verweer, maar baie MSS uit die 4de eeu en later het baie goed bewaar gebly.

a. Kodeks Sinaiticus

Hierdie kodeks dateer uit die 4de eeu. Die MS is in die middel van die 19de eeu op merkwaardige wyse deur C von Tischendorff ontdek in die St Katarina-klooster op die berg Sinai. Hierdie MS is uit die 4de eeu met 'n deurlopende teks. Dit blyk na ondersoek 'n besonder noukeurige en getroue kopie te wees van die oudste tekste.

b. Kodeks Alexandrinus

Die bestaan van hierdie MS is reeds sedert die 17de eeu bekend toe die patriarg van Konstantinopel, Lucaris dit aan Koning Karel I van Engeland geskenk het. Dit is effens jonger as Sianiticus en dateer uit die 5de eeu.

c. Kodeks Vaticanus

Die MS word sedert laat in die 18de eeu as die mees betroubare beskou. Hoewel die MS reeds sedert 1475 in die katalogie van die Vatikaan se biblioteek verskyn, kan met sekerheid aanvaar word at die MS lank voor hierdie datum reeds in die biblioteek was. Eers in 1889 het die eerste faksimilee-uitgawe daarvan verskyn. Dis veral sedert BF Westcott en FJA Hort se Griekse NT in 1881 verskyn het, wat hoofsaaklik op hierdie MS en Kodeks Sinaiticus gebaseer is, word aanvaar dat Kodeks Vaticanus die belangrikste unsiaal manuskrip is. Maar na die ontdekking van die Martin Bodmer-papiri is dit bevind dat dit van 'n archetype wat baie ouer as die 4de eeu is, gekopieer is, omdat die teks baie nou met hierdie papiri van die 3de eeu ooreenkom.

d. Kodeks Efraimi Rescriptus

Hierdie MS is merkwaardig omdat dit in Palimpses is. Die NT is in die 5de eeu in die MS geskryf, maar dit is egter gedurende die 6de eeu uitgevee en preke van die Siriese kerkvader Efraim is daarin geskryf. Die oorspronlike is laat in die vorige eeu reeds deur middel van chemiese prosesse weer duidelik gemaak.

e. Kodeks Bezae Cantabrigienis (Cambridge)

Die MS is deur Beza, Calvyn se opvolger in Geneve, ontdek en in 1581 aan die Universiteitsbiblioteek in Cambridge geskenk. Dit is 'n Diglot, 'n tweetalige MS wat die Griekse teks op die linkerbladsy en 'n Latynse vertaling daarvan op die regterbladsy bevat. Dit dateer uit die 5de eeu. Daar is tekens van redaksionele arbeid in die teks. Baie sinne en frases is bygevoeg.

f. Enkele deftige Manuskripte

Kodekse Petropolitanus Purpureus, Sinopensis, Rossanensis, en Beratinus is deftige en spesiale uitgawes van die Griekse NT. Al vier dateer uit die 6de eeu en is met goue en silwer ink op pers Vellyn geskryf.

g. Kodeks Washingtonianus

Hierdie Kodeks word so genoem omdat dit in die Smithsonian Institute in Washington bewaar word. Hierdie MS is duidelik nie dwarsdeur deur dieselfde skriptor gekopieer nie en die teks is ook van verskillende archetypes in verskillende gebiede gekopieer. Dit wil voorkom of die MS die gevolg is van die werk van iemand wat in tye van vervolging

moes vlug van plek tot plek en hy kon op elke plek slegs 'n deel van die NT kopieer. Die MS dateer uit die 4de eeu.

1.3 Minuskels

Omdat minuskelmanuskripte almal baie laat (na die 9de eeu) dateer, is daar nie een wat die verbeelding van tekskritici aangryp nie.

'n Merkwaardige groepie minuskels is die sogenaamde manuskripfamilies. Dit is groepies minuskels waarvan die teks so min verskille vertoon, dat dit duidelik is dat hulle direk van mekaar gekopieer is (dra die simbool met die nommer van die familie in boskrif bv. f^1 , f^{13} en f^{424}).

Die 10de eeuse Kodeks 33 is waarskynlik van 'n baie ou en betroubare unisiaal MS gekopieer. Daarom staan hierdie MS as Koningin van die Kursiewes bekend.

1.4 Leksionaria

Leksionaria is MSS wat die Teks nie deurlopend bevat nie, maar slegs uitgesoekte perikope wat tydens die erediens gelees word, bevat.

Daar word onderskei tussen Menologion en Sunaxarion. Die Menologion bevat stukke wat in die tydperk 1 September tot 31 Augustus van die daaropvolgende jaar gelees moet word.

Die Sunaxarion bevat leesstukkies wat van Paasfees tot die volgende Paasfees gelees moet word.

Perikope uit die Briewe is genoem Apostolikon en perikope uit die Evangelies is Evangelistarion genoem.

Die vroegste Leksionaria dateer uit die 6de eeu.

2. VERTALINGS

Omdat oor vertalings met enkele uitsonderings geen historiese beskrywings bestaan nie, moet die geskiedenis van die vertalings uit die beskikbare bronne en MSS van die vertalings gerekonstrueer word. Hiervolgens is dit duidelik dat die vroegste vertalings uit die laaste gedeelte van die 2de eeu dateer. Toe het die ou Siriese en Latynse vertalings die lig gesien. Bietjie later is in Egipte begin om die NT in Kopties te vertaal. Sedert die 4de eeu het vertalings in Goties, Georgies, Armeens, en Ethiopies gevolg.

Aangesien geen oorspronklike kopie van enige van hierdie vertalings behoue gebly het nie, moet slegs van enkele MSS en sommige sate gebruik gemaak word. Daarom moet die vertaling se oorspronklike teks eers gerekonstrueer word voordat dit as bron vir die rekonstruksie van die teks van die Griekse NT gebruik kan word.

'n Letterlike vertaling waarin gepoog word om die Griekse teks woordeliks weer te gee, sal uiteraard meer woorde hê as 'n parafrase, waarin die klem meer op betekenis as woordelike gelykheid val.

Die grondteks vir die vertaling is ook belangrik, nl. of dit uit Grieks of dalk 'n ander taal gemaak is.

2.1 Latyn

Die ontstaan en tydsomstandighede van die Latynse vertalings is vandag onbekend. Geen verwysings of enige aanduiding word iewers vermeld nie. Die geskiedenis van hierdie vertaling moet gerekonstrueer word deur die bestudering van die MSS waarin dit oorgelewer is en die aanhalings by die Latynse kerkvaders. So blyk dit dat daar in die 2de eeu (moontlik in Kartago in Noord-Afrika) begin is om die NT in Latyn te vertaal.

Wat in hierdie tyd ontstaan het, word genoem *Vetus Latina* (soms ook genoem *Itala*). Die diversiteit van die vertalings het daartoe gelei dat Pous Damasus in die 4de eeu opdrag gegee het aan Hieronymus om 'n gestandaardiseerde weergawe van die teks voor te berei. So het die *Vulgata* laat in die 4de eeu ontstaan, wat die vroeëre teks spoedig verdring het, sodat daar vandag baie min MSS van die *Vetus Latina* bestaan.

Vandag word baie intensiewe navorsing gedoen oor die teks van die *Vetus Latina* deur die *Vetus Latina Institut* in Beuron, Wes Duitsland.

Van die *Vulgata* is vandag ongeveer 8 000 MSS bekend. Belangrikste uitgawes is *Editio Sixtina* (1590), *Editio Clementina* (1592), uitgawe van Wordsworth en White (1889-1954) en die meer onlangse Stuttgartse uitgawe (1975).

2.2 Siries

Baie min is oor die ontstaansgeskiedenis bekend. Daar is ook 'n oud-Siriese (*Vetus Syra*) en gestandaardiseerde Siriese vertaling (*Peshitta*) bekend. Die oudste getuie van die bestaan van 'n Siriese vertaling is die *Diatessaron* wat deur die kerkvader Tatianus laat in die 2de eeu saamgestel is. Hierdie geskrif was waarskynlik die oudste Siriese vertaling van die Evangelies. Die *Diatessaron* is 'n geskrif waarin die Evangelies so met mekaar geharmonieer is, dat daar uiteindelik net een Evangelie is.

Twee effens later MSS van oud-Siriese vertalings en die Curetoniaanse-Siriese en die Syrus Sinaïticus. In die 4de of 5de eeu word 'n standaard-uitgawe van die Siriese vertaling gemaak deur biskop Rabulla van Edessa, die *Peshitta* genoem. Later is nog twee vertalings gemaak, nl. die Harkleiaanse in 616 deur Thomas van Harkel, asook die Philokseniese deur Polykarpus in 508 vir Philoxenus biskop van Marburg.

2.3 Kopties

Kopties is nie 'n spreektaal nie maar 'n skryftaal waarin Egipties in die letters van die Griekse alfabet en enkele ander letters geskryf is. Dit is waarskynlik in die 2de eeu of selfs einde van die eerste eeu ontwikkel. *Drie* dialekte is geïdentifiseer, nl. Sahidies in die suide (Bo-Egipte), Bohairies in die noorde (Benede-Egipte), en Middel-Egipties wat in die sentrale deel van Egipte gebruik is. Laasgenoemde is eintlik 'n groep dialekte.

Min is bekend van die ontstaansgeskiedenis van die Koptiese vertalings. Waarskynlik vroeg in die 3de eeu of laat in die 2de eeu is die vertalings begin, met eerste die in Sahidies. In die 4de eeu het die Bohairiese en Middel-Egiptiese vertalings gevolg.

2.4 Ander Vertalings

In ongeveer die 4de eeu is die NT in Goties vertaal, waarskynlik deur Ulfilas, die biskop van die Gote. Dit was 'n noukeurige vertaling en die vertaler moes vir die doel van die vertaling 'n alfabet ontwerp. So het die Gotiese alfabet sy beslag gekry.

Die Armeense vertaling is waarskynlik vroeg in die 5de eeu deur Mesrop vir Patriarg Sahak gemaak.

In die middel van die 5de eeu kry die Georgiese vertaling sy beslag. Hierdie vertaling het waarskynlik die Armeense vertaling as grondteks gehad.

Baie min is aangaande die Ethiopiese vertaling bekend. Omdat alle MSS van hierdie vertaling wat vandag bekend is, later as die 13de eeu dateer, kan selfs die ontstaanstyd van hierdie vertaling nie met sekerheid vasgestel word nie. Dit moes êrens tussen die 4de en 7de eeu gewees het en is waarskynlik uit die Siriese vertaling as grondteks gemaak.

3. SITATE

Aanhalings uit en verwysings na die NT in veral patristiese geskrifte, tel onder die mees talryke bronne van die NT. Die term Sitate is in 'n sekere sin misleidend. Dit is eerder 'n soort sambreelterm vir verskillende goed. Dit verwys *eerstens* na werklike aanhalings of sitate waar die betrokke kerkvader bedoel om die teks woord vir woord letterlik aan te haal. Soms is uit die hoof aangehaal en soms is die betrokke teks nageslaan en uit 'n MS afgeskryf. Soms is die bewoording van 'n teks aangepas om die aanhaling beter by die skrywer se argument en sinsbou te laat inpas.

Sitate is *tweedens* ook 'n term vir terloopse verwysings na of sinspelinge op 'n bepaalde gedeelte in die NT.

Derdens word die term ook gebruik om na die Lemma van patristiese kommentare te verwys. Die Lemma is die deurlopende teks waarop kommentaar gelewer word. Hierdie vorm van sitaat het die meeste waarde vir die tekstkritiek omdat dit waarskynlik deurlopend van 'n MS gekopieer is en gevolglik feitlik dieselfde waarde as 'n MS het.

Die oorspronklike werke van die kerkvaders is almal verlore en die tekste wat vandag gebruik word, is almal rekonstruksies uit die MSS waarin hulle oorgelewer is.

Andreas, aartsbiskop van Caesarea in Kappadosië in die 6de of 7de eeu, is bekend vir sy kommentaar op die teks van Openbaring.

Klemens van Alexandrië (middel 2de eeu tot ongeveer 215) is een van die vroegste siteerders uit die NT.

Cyprianus, biskop van Karthage laat in die 2de eeu, is waarskynlik die eerste om uit 'n Latynse vertaling te siteer.

Efraim, die Siriër (306-373) wat 'n groot deel van sy lewe in Edessa deurgebring het, is die belangrikste Siriese siteerder.

Hieronimus, laat in die 4de eeu, het 'n groot deel van sy lewe in Rome deurgebring en is belangrik vir sy betrokkenheid by die Vulgata.

Johannes Chrysostomos, die patriarg van Konstantinopel laat in die 4de eeu, is bekend vanweë sy betrokkenheid by die gestandaardiseerde Griekse teks.

Marcion (2de eeu) wat later sy eie kerk gestig het, het slegs 'n hersiene weergawe van die Lukasevangelie en tien van die Pauliniese briewe erken.

Origenes, vir 'n tyd lank in die 3de eeu leier van die kategetesekool in Alexandrië, is bekend vir sy eksegetiese arbeid en ook vir die voorbereiding van sy Hexapla van die OT.

Tatianus, die Siriese kerkvader uit die 2de eeu, is bekend vir sy Diatessaron, sy harmonie van die vier Evangelies.

4 DIE OMSTANDIGHEDE WAARONDER DIE TEKS OORGELEWER IS

4.1 Die Kanongeskiedenis

Indien die vroeë daterings van die boeke aanvaar word, beteken dit dat die eerste boek in ongeveer 50 n.C. geskryf is en die laaste in ongeveer 95 n.C. Die ontstaan van die NT strek dus oor byna 'n halwe eeu, wat beteken dat die eerste boeke al vir byna 50 jaar oorgelewer is voordat die laastes geskryf is.

Gedurende die heel vroeë tydperk van oorlewering (1ste eeu) was daar waarskynlik ook talle ander boeke oor dieselfde onderwerpe in omloop sowel as 'n baie sterk mondelinge tradisie. Daar kon dus beïnvloeding van die teks gewees het. So het elke boek gevolglik 'n eie oorleweringsgeskiedenis gehad.

Die geskiedenis van die erkenning en aanvaarding van die boeke as gesagvolle religieuse dokumente het ook 'n invloed op die teksgeskiedenis gehad. Die proses van bundeling

van die boeke het vroeg begin en reeds vroeg in die 2de eeu of in die 1ste eeu selfs is daar tekens dat byvoorbeeld 'n aantal briewe saam as Pauliniese Korpus oorgelewer is. Die probleme rondom die erkenning en aanvaarding van die boeke as deel van die kanon vir die volgende drie of vier eeue het die teksgeskiedenis eweneens beïnvloed. Vir 'n tyd lank is die boeke as individuele en as bundels oorgelewer totdat die NT sy finale beslag gekry het in die 4de eeu.

4.2 Die Kerkgeskiedenis

Aanvanklik was die gemeentes klein en soms is eredienste veral gedurende die 1ste eeu in huise gehou. Baie van die vroeë gemeentelede was arm en ongeletterd. Dit het meegebring dat die oorlewering van die teks aanvanklik waarskynlik spontaan plaasgevind en aan geen amptelike standaard moes voldoen nie. Die geweldige vervolginge waaronder die Christene die eerste drie eeue gebuk gegaan het, word dit duidelik waarom daar so baie variasie in die MSS voorkom. Kopieerwerk moes dikwels haastig en in gespanne omstandighede gedoen word. Van kontrolering was daar dus weinig sprake. Meeste foute dateer uit hierdie tydperk.

Namate die kerk begin groei het en die vervolging begin afneem het, het die oorlewering 'n al hoe groter amptelike karakter begin kry. Die verandering van die posisie van die kerk sedert Konstantyn het die gebruik van skriptors en korrektors in skriptoria meer moontlik gemaak en het meegebring dat minder foute in die oorleweringproses gemaak is en het ook die proses van standaardisering bevorder.

Ook die ontwikkeling van die teologie wat tot teologiese debatte en teologiese verskille aanleiding gegee het, het ook 'n al hoe groter invloed op die teks begin uitoefen.

4.3 Wêreldgeskiedenis

Uit die wêreldgeskiedenis het veral twee sake 'n pertinente invloed op die oorlewering van die teks gehad, naamlik die wêreldtaal en die sentra van geleerdheid.

Waar Grieks in die eerste twee of drie eeue vanweë die invloed van die Hellenisme 'n wêreldtaal was, en algemeen bekend was en gebruik is, het die moedertale die Grieks algaande vervang. Dit het daartoe gelei dat die NT veral in die 2de en 3de eeue begin vertaal is. Veral die gebruik van die Latynse Bybel in die Weste het hierdie proses bespoedig sodat die Griekse teks sedert ongeveer die 4de en 5de eeu in die Weste verdring is.

Ook die sentra van geleerdheid in die destydse wêreld het 'n belangrike invloed op die teks gehad. Alexandrië was byvoorbeeld bekend vir sy biblioteek waarin 'n geweldige versameling antieke tekste bewaar is. Ook was hy bekend vir uiters noukeurige kopiëring van MSS.

5. OORSIG OOR DIE TEKSGESKIEDENIS

5.1 Die vroeë tydperk (tot Middel 2de eeu)

Oor hierdie tydperk is min bekend omdat daar geen direkte bronne uit hierdie tydperk bestaan nie. Die oorgelewerde tekste kan in 3 kategorieë ingedeel word: 'n getroue vorm, 'n vorm waarin bepaalde gekontroleerde foute voorkom, en 'n wilde of ongekontroleerde vorm. Die vroegste MSS en vertalings dateer eers uit die 2de eeu.

Daar was geen of weinige kontrolering oor die noukeurigheid van die kopieërwerk nie. Mondelinge tradisie kon ook die teks beïnvloed het. Ander lesings wat vreemd op die oor geval het, is weggelaat. Daar is 'n tradisie dat die teks noukeurig oorgelewer is of dat daar 'n mate van kontrole plaasgevind het. Dis wel moontlik.

5.2 Die tydperk van die teksfamilies (2-4de eeu)

Gedurende die 2de eeu het die aard van die oorlewering verander deurdat bepaalde tekstipes en teksfamilies in bepaalde gebiede ontstaan. *Teksfamilies* is groepe MSS wat dieselfde karakteristieke lesings bevat en *tekstipes* is die versameling lesings wat so 'n teksfamilie karakteriseer. In hierdie tydperk het daar groter kontrole gekom deur MSS in bepaalde gebiede met mekaar te vergelyk ten einde verskille uit te skakel en so die teks in die gebiede te standaardiseer. Die ontstaan van vertalings het ook MSS gestandaardiseer. Vertalings is ook gebruik om die Griekse tekste te kontroleer.

a. Die Alexandrynse teks

Die naam word met Alexandrië en die tekskritiese praktyke van hierdie Stad verbind. Dis 'n tekstipe waarin die teks getrou oorgelewer is. Laat in die 3de en vroeg in die 4de eeu is daar spore van hersiening en het veral op stilistiese en taalkundige variasie betrekking gehad. P.75 en Kodeks Vaticanus en ook Kodeks Sinaiticus is voorbeelde hiervan.

Die Alexandrynse tekstipe word vandag as die belangrikste tekstipe beskou omdat dit die minste verbeterings en geen interpolasies bevat.

b. Westerse Teks

Dis waarskynlik net so oud as die Alexandrynse. Dit het laat in die 2de en vroeg in die 3de eeu ontstaan. Dit het êrens in die Weste ontwikkel. Die bronne van hierdie teks is die 5de eeuse MSD, die Vetus Latina en die oud-Siriese MSS. Ontdekking van Griekse MSS soos P 29, P 38, en P 48 dui daarop dat hierdie teks selfs in Egipte kon ontstaan het. Die Westerse teks wat waarskynlik die mees bekende teks vorm in die 2de en 3de eeu was, aangesien daar bewyse is dat dit in Egipte, Sirië, Noord-Afrika, Italië, Spanje en die Weste in die algemeen bekend was.

Die belangrikste eienskappe van hierdie teks is dat dit baie *interpolasies* bevat (veral in die boek Handelingen).

Daar kom ook treffende *weglatings* hierin voor. Verder is daar die neiging tot harmoniëring en 'n poging om die teks inhoudelik en grammatikaal af te rond en te voltooi. Daar is ook nog die neiging tot parafrase. 'n Laaste kenmerk is die doelbewuste inhoudelike veranderinge wat 'n sterk anti-Judaïstiese tendens bevat.

c. Die Pre-Caesareaanse Teks

Die Caesareaanse teks lewer die meeste probleme van al die tekstipes. Hierdie teks is eers vroeg in die 20ste eeu geïdentifiseer en sentreer in hoofsaak om P45 en die teks van die kerkvader Origenes. Die ontstaan van hierdie teks is aanvanklik in die 3de eeu geplaas en aan Origenes se vertrek na Caesarea verbind. Daar word beweer dat Origenes na sy vertrek na Caesarea uit 'n ander teks aanhaal as die Alexandrynse teks wat hy in Alexandrië gebruik het.

Hierdie teks vertoon trekke van die Westerse teks maar bevat ook elemente van die Alexandrynse teks sowel as eiesoortige lesings. Die probleem van hierdie teks lê daarin dat dit nie seker is of dit 'n afsonderlike tekstipe verteenwoordig nie.

Daar word onderskei tussen die Vroeë Caesariaanse teks en die Caesareaanse teks. Die belangrikste eienskap is dat dit 'n besondere soort vermenging bevat van Alexandrynse en Westerse lesings.

5.3 Die Derde Tydperk naamlik van Standaardisering (4de-5de eeu)

a. Die Bisantynse Standaard teks

Wanneer die bronne ontleed word, is dit duidelik dat iets in die 4de eeu moes gebeur het, want sedert hierdie tydperk kom 'n tekstipe voor wat nie in ouer bronne gevind word nie en wat sy merk uiteindelik ook op latere getuïenisse van ander tekstipes gelaat het. Die nuwe tekstipe is vir die eerste keer in die aanhalings van die kerkvader Chrysostomos sigbaar. Die teks word ook genoem die Siriese teks, Koineteks, Meerderheidstekes of Kerklike teks.

Een van die aanvaarbaarste teorieë is dat hierdie standaardisering plaasgevind het as gevolg van 'n hersiening van die teks deur Lucianus van Antiochieë, wat 'n kerklike opdrag daartoe gekry het.

Die Vulgata is die resultaat van Hieronymus se standaardisering van die Latynse NT, en die Peshitta, die resultaat van waarskynlik Rabulla van Edessa se standaardisering van die ou-Siriese vertaling.

Dit is duidelik dat 'n klimaat van standaardisering in die 4de en 5de eeue bestaan het en dat daar in daardie tyd waarskynlik meer belangstelling in die teks van die NT bestaan het as op enige ander stadium in die eerste 16 eeue waarin die teks oorgelewer is. Dat daar hersiening van die grondteks was, word duidelik uit die feit dat die Peshitta se tekstipe verskil van die tekstipe van sy voorgangers, die oud-Siriese teks, en met die

Griekse standaardteks ooreenstem. Ook bewys die aard van die Bisantynse teks, veral die feit dat dit eers sedert die 4de eeu voorkom, dat hersiening moes plaasgevind het. Waar, wanneer en deur wie se gesag dit gedoen is, is egter onmoontlik om te sê. Die gevolg van hierdie standaardisering was 'n basies uniforme oorlewering van die Griekse teks in die Middeleeue wat ander tekstipes verdring het.

b. Die Egiptiese of laat- Alexandrynse teks

Spore van redaksionele werk is in die latere bronne van hierdie teks te vind. Invloed vanaf veral die Westerse teks is duidelik sigbaar. In die 4de eeu is daar tekens van redaksionele wysigings en so ook in die 4de en 5de eeu is spore van Westerse lesings aan te wys.

c. Die Caesareaanse teks

In hierdie tydperk bereik die proses wat as die pre-Caesareaanse teks bekend gestaan het, ook voltooiing. Groter tekens van vermenging en afronding word vertoon, want die invloed van ander teksfamilies word al meer sigbaar. Daarom word van hierdie teks as die laat-Caesareaanse teks gepraat.

d. Die laat-Westerse teks

Die hersiening het in hoofsaak tot die standaardisering van die Latynse MSS gelei en was beperk tot die produksie van die Vulgata. Duidelike tekens van doelbewuste redaksionele arbeid is ook in die Griekse teks van Kodeks D te bespeur.

5.4 Die Vroeë Standaardteks (5de tot 9de eeu)

In hierdie tydperk het die gestandaardiseerde Bisantynse teks sy finale beslag gekry en 'n al hoe groter uniformiteit het onder sy bronne begin ontwikkel. Die ander tekstipes het gedurende hierdie tydperk finaal tot 'n einde gekom, sodat hulle teen die middel van die Middeleeue vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan het nie.

Die Armeense en Georgiese vertalings is nog gemaak van ander tekstipes, maar dit wys net dat die invloed van die standaardteks 'n lang tyd nodig gehad het om sy invloed te versprei.

Die rede waarom die Bisantynse teks so oorheersend was en dit terwyl dit eers in die 4de eeu ontstaan het, moet veral toegeskryf word aan die fisiese omstandighede waaronder die teks oorgelewer is. Sedert die vertaling van die NT in Latyn en veral na die verskyning van die Vulgata is die NT in die Weste uitsluitlik in Latyn oorgelewer. Netso het die koptiese tradisie die rol van draer van die teks in Egipte oorgeneem. Die enigste deel waar die Griekse teks in die Middeleeue oorgelewer is, is die Ooste. Sedert die 6de of 7de eeue is die teks dus uitsluitlik oorgelewer in die gebiede waar die standaardteks geproduseer is.

'n Verdere faktor was die ontwikkeling van 'n liturgiese teks deur die gebruik van Leksionaria.

Hierdie standaardteks was die feit van Konflasie, dit beteken samevoegings van tipes lesings van Westerse en Alexandrynse tekste. Verder is daar duidelike bewyse dat die redaktors soms 'n keuse tussen of die Westerse of die Alexandrynse teks gemaak het, dus 'n basies Eklektiese teks. Daar was ook literêre en grammatikale afronding. Daar was ook die tendens tot harmonisering van parallelle gedeeltes, veral in die Evangelies. 'n Aantal treffende interpolasies kom ook in die teks voor.

Om al hierdie redes is hierdie teks min werd vir die herstel van die oorspronklike teks van die NT.

5.5 Die Middeleeuse Minuskelteks (9de tot 16de eeu)

a. Die laat-Bisantynse Teks

Teen die 9de eeu, toe daar begin is om minuskelmanuskripte ook vir die oorlewering van die NT te gebruik, was die proses van standaardisering reeds afgehandel. In hierdie tyd het die teks nog meer uniform geword.

b. Manuskripte van ander tekstipes

Daar is nogal 'n aantal verrassende MSS uit hierdie tydperk wat aan 'n vroeë tekstipe verwant is. In die Evangelies het enkele minuskels 'n Egiptiese teks en 'n aantal ander 'n Caesareaanse teks. In die Openbaringboek het een of twee minuskels 'n ou teks wat gereken word as selfs meer getroue verteenwoordigers te wees as van die vroegste, MSS. In sommige kloosters en kerksentra moes vroeë MSS wees met 'n vroeë teks en hierdie MSS is soms in die kopieerproses as archetipes gebruik.

6 DIE GEDRUKTE TEKS

Die boekdrukkuns het veroorsaak dat die gedrukte teks so verteenwoordigend van die oorspronklike teks as moontlik moes wees. Dit het die onus op die samesteller geplaas om toe te sien dat hy nie 'n onbetroubare MS op hierdie wyse die wêreld instuur nie.

6.1 FAKTORE WAT DIE GESKIEDENIS BEÏNVLOED HET

a) Die beskikbaarheid van Bronne

Met die uitvinding van die boekdrukkuns in die 15de eeu was daar min Griekse MSS beskikbaar. Al die MSS wat bekend was, was minuskelmanuskripte uit die laat-Middeleeue en bitter min vroeë MSS was bekend.

Sedert die 16de en veral die 17de eeu het al hoe meer en al hoe ouer MSS aan die lig gekom. Uiteindelik het die ontdekking van Kodeks Sinaïticus en Kodeks Vaticanus in

dieselfde tyd in die 19de eeu tot baie beslissende metodologiese ontwikkeling gelei. Hulle het getuigenis oor die toestand van die teks in die 4de eeu beskikbaar gestel. Die ontdekking van die Chester Beatty en die Martin Bodmer-papiri in die middel van die 20ste eeu het weer getuigenis gelewer oor die toestand van die teks in die 2de en 3de eeue gebied.

b) Ontwikkelinge in Verwante Wetenskappe

Die koms van die Rasionalisme in die 17de eeuse filosofie het 'n direkte invloed op die Nuwe Testamentiese Tekskritiek gehad, deurdat die ontwikkeling van die eerste metode waarvolgens tekste saamgestel is, vroeg in die 18de eeu die gevolg daarvan was.

Die feit dat die NT Hermeneutiek saam met die NT Tekskritiek in hierdie tydperk ontwikkel is, (dikwels deur dieselfde persone) het meegebring dat die metodiek en benaderings daarvan elemente van die historiese kritiek bevat het. Die verandering in die aard van die Hermeneutiek vroeg in die 20ste eeu, waarvolgens minder aandag aan historiese aspekte en meer aandag aan inhoudelike aspekte van tekste gegee is, het ook na die Tekskritiek deurgewerk.

c) Die Kerklike Toestand

Die kerk het in die laat-Middeleeue 'n besondere houvas op die wetenskap en die ontwikkeling daarvan gehad. Namate die Rasionalisme die denkklimaat verander het, het hierdie kerklike houvas begin afneem. Vir bykans 4 eeue is niemand toegelaat om 'n teks wat van die kerklike gesanksioneerde teks afgewyk het, te publiseer nie en moes die metodologiese ontwikkeling wat wel plaasgevind het, selgs in teorie plaasvind.

OORSIG OOR DIE GESKIEDENIS

6.2. VAN EERSTE TOT AANVAARDE TEKS (1516-1633)

Die eerste omvangryke werk uit Gutenberg se drukpers was die bekende Gutenbergbybel, 'n prageksempaar van die Vulgata, wat in 1450 tot 1456 verskyn het. Hierna het verkillende uitgawes van die Latynse Bybel gevolg. Hoewel kleiner dele van die Griekse NT verskyn het, was dit eers in 1516 dat die Griekse NT sy Editio Princeps gehad het toe Desiderius Erasmus se teks verskyn het.

A Die Eerste Teks

a. Erasmus

In 1516 verskyn die eerste Griekse NT soos saamgestel deur Erasmus van Rotterdam. In werklikheid was Erasmus se teks nie die eerste voltooide teks nie. Die Kardinaal Francisco Ximenes De Cisneros het reeds in 1514 'n Poliglot voltooi en genoem is die Komplutensiese Poliglot. Dit het die Bybel in Hebreeus, Grieks, Aramees en Latyn bevat.

Hoewel reeds in 1514 gereed, moes dit tot 1522 wag op pouslike sanksie voordat dit amptelik gepubliseer kon word.

Die uitgewer Froben van Basel het Erasmus aangemoedig om 'n teks voor te berei sodat hulle die eerste kon wees om 'n Griekse NT te publiseer. Binne 6 maande het hy sy teks vir die drukpers gereed gehad. Hoewel Erasmus beweer hy het die oudste en beste MSS vir sy teks gebruik, het latere studies aan die lig gebring dat dit nie die geval was nie. Dit blyk dat hy slegs 6 minuskelmanuskripte gebruik het. Al hierdie MSS is deel van die laat Middeleeuse minuskelt eks. Die laaste 6 verse van Op 22 het in die MS ontbreek en hy kon nie gou genoeg op 'n ander MS lê wat hierdie verse bevat het nie en toe het hy maar self uit die Latyn in Grieks vertaal. Daarin kom 'n woord voor wat nêrens anders in die hele Griekse literatuur voorkom nie.

Die verskyning van die teks het diskussie ontlok. So is Erasmus deur Stunica, een van die samestellers van die Poliglot, daarop gewys dat die bekende Comma Johanneum in 1 Jn 5:7-8 ontbreek en moes ingevoeg word. Erasmus het geweier omdat hy die betrokke woorde nie in enige Griekse MS tot sy beskikking kon vind nie.

Hy het egter onderneem om dit by sy teks in te sluit indien 'n Griekse MS met hierdie woorde aan hom getoon sou word. Spoedig is so 'n MS (wat uit die 16de eeu dateer) aan hom getoon en hy was verplig om die woorde by sy teks in te sluit. Dit is toe in sy derde uitgawe van sy teks in 1522 ingesluit. Tot vandag toe kon egter geen ander gesaghebbende Griekse MS gevind word wat hierdie woorde bevat het nie.

Erasmus het dus die Bisantynse tradisie voortgesit deur 'n teks te publiseer wat nie op die oudste en beste MSS gebaseer was nie, maar in werklikheid op jong en onbetroubare MSS.

b. Komplutensiese Poliglot

Dit is saamgestel met die oog op die herdenking van die geboorte van Karel V. Geen moeite is ontsien met hierdie uitgawe van die Bybel nie. Vier Bybeltekste, nl. Hebreeuse, Griekse, Aramese, en Latynse Bybels saam met ander boeke soos 'n Hebreeuse grammatika en woordeboek. Die Griekse teks wat in die 5de volume gepubliseer is, het reeds in 1514 van die pers gekom, en dit is moontlik dat die ander volumes teen ongeveer 1520 gereed was, maar die samestellers moes wag tot 1522 voordat Pous Leo X toestemming gegee het dat die teks gepubliseer kon word.

Die samestellers het MSS uit die biblioteek van die Vatikaan vir hierdie teks geleen en die MSS moes eers terugbesorg word voordat die teks gepubliseer sou word. Die MSS ten grondslag van hierdie uitgawe het nie veel verskil van die van Erasmus se teks nie.

B Die Aanvaarde Teks

a. Stephanus

In 1546 verskyn die eerste uitgawe van die teks van die Fransman Robert Estienne, beter bekend onder sy gelatiniseerde naam Stephanus. Hy het hierdie teks saamgestel deur hoofsaaklik van Erasmus se teks eerder as van die beskikbare MSS, gebruik te maak. Die enkele veranderinge aan die teks was veral vanuit die Poliglot. Selfs die uitgawes tot die 4de in 1551 verskil so min van Erasmus se teks dat dit bloot as 'n hersiene uitgawe van Erasmus se teks beskou kon word.

Die belangrikste is sy 3de uitgawe in 1550, die sogenaamde Regia. In hierdie teks het vir die eerste keer 'n tekskritiese apparaat voorgekom met variante lesings uit ander MSS in die kantlyn aangetoon.

Die 4de uitgawe in 1551 het vir die eerste keer hoofstuk- en versindelings bevat. Stephanus het hierdie werk onderneem terwyl hy op reis was van Parys na Lyons. (In Engeland = Standaardteks).

b. Beza

Theodore De Beza, die bekende hervormer en opvolger van Calvyn in Geneve, publiseer in 1565 die eerste van 4 uitgawes van die Griekse NT. Nie minder as 10 herdrukke is gemaak nie, waarvan die laaste in 1611, meer as 5 jaar na sy dood. Beza gebruik Stephanus se 4de uitgawe as basis en slegs in enkele gevalle verander hy die lesings van hierdie uitgawe. Dit het hy gedoen nie teenstaande die feit dat Kodeks D tot sy beskikking was. Hy het dit nie gebruik nie omdat te veel afgewyk het van die aanvaarde teks. Hy het ook variante lesings in die kantlyn aangeteken. Beza se teks het bygedra tot die tendens om die Bisantysne teks populêr te maak. So is sy teks deur die Nederlandse Statevertalers as grondteks gebruik.

c. Die Elseviers

Hoewel Beza se teks reeds kenmerke van 'n algemeen aanvaarde teks vertoon het, is dit eers die teks van die 2 Nederlandse broers Bonaventure en Abraham Elsevier wie se teks as Textus Receptus aanvaar is. Hulle publiseer in 1624 'n klein sakuitgawe gebaseer op Beza se 1565 uitgawe. 'n Tweede uitgawe volg in 1633 en hulle stel in die voorwoord hierdie teks voor as 'n getroue weergawe van die oorspronklike tekste, wat deur almal aanvaar word. (Ab Omnibus Receptum). Spoedig is hierdie teks in Europa as standaardteks aanvaar.

d. Die Textus Receptus

So het dit uiteindelik gebeur dat die Griekse NT 'n Textus Receptus gekry het, 'n teks wat as standaardteks aanvaar is en waarvan tekskritici vir eeue lank nie durf afwyk nie. Hoewel twee tekste onderskeidelik in Engeland (die van Stephanus) en Europa (die van die Elseviers) die status van Textus Receptus ontvang het, was dit inhoudelik eintlik dieselfde teks.

6.3 DIE DOMINERING VAN DIE AANVAARDE TEKS (1633-1775)

Hoewel tekskritici spoedig na die algemene aanvaarding van die Erasmus/Stephanus/Elsevier-tekse begin besef het dat dit 'n onbetroubare weergawe van die NT was, is aan Textus Receptus soveel populêre en kerklike gesag toegeken, dat niemand dit gewaag het om 'n alternatiewe teks te publiseer nie. Hierdie tydperk word ook gekenmerk deur veral die ontdekking van MSS en ook metodologiese ontwikkeling.

a. Walton en Fell

Brian Walton se teks verskyn in 1657. Dit was 'n poliglot waarvan die 5de volume onder andere die Giekse teks van die NT bevat het. Die teks self was die 3de uitgawe van Erasmus se teks. Hierdie teks is van 'n kritiese apparaat voorsien waarin die lesings van 15 MSS ingesluit is, onder andere ook van die bekende Kodeks Alexandrinus.

Kort hierna verskyn die NT van John Fell in 1675, waarin hy die 2de uitgawe van Elseviers druk. Variante lesings van ongeveer een honderd MSS kom daarin voor.

b. Mill

Dit was eers met die verskyning van die teks van John Mill in 1707, dat die omvang en ingewikkeldheid van die teks eers werklik ingesien is. Die teks was die resultaat van dekades se arbeid, en hoewel self ook maar 'n heruitgawe van Stephanus se teks in sy 3de uitgawe, is hierdie teks voorsien van die eerste uitgebreide en omvangryke kritiese apparaat. Dit het ongeveer 30 000 variante lesings ingesluit, wat versamel is uit MSS, vertalings en patristiese sitate. Vir die eerste keer in 2 eeue is die aandag van die gebruikers van die teks van die NT, werklik op die probleem van teksvariasie en die omvang daarvan gefokus. Mill se tydgenoot, Daniel Whitby beskuldig hom daarvan dat sy teks die gesag van die NT in gedrang bring.

c. Wells, Mace en Bentley

Die teks ontwikkel deur Eduard Wells verskyn in 'n aantal volumes tussen 1709 en 1729, en hierdie teks was, sover vasgestel kan word, die eerste wat op 'n aantal plekke afwyk van Textus Receptus ten gunste van lesings in ander MSS. Kort daarna in 1729 verskyn die teks van Daniel Mace, waarin ook soms van Textus Receptus afgewyk word, en verder is daar notas waarin hy die afwykings motiveer. Dit is die eerste aanduiding van 'n metodiek in die evaluering van variante lesings.

In 1720 verskyn daar in Engeland 'n pamflet opgestel deur Richard Bentley waarin hy aankondig dat hy van plan is om 'n krities- wetenskaplike uitgawe van die Griekse Nuwe Testament te publiseer en waarin hy die beginsels waarvolgens hy sou werk, uiteensit. Ongelukkig is Bentley in 1742 oorlede sonder dat hierdie werk voltooi is.

d. Bengel

In Duitsland het die belangrikste bydrae gekom tot die ontwikkeling van 'n metodiek vir tekskritiek, en wel met die werk van Johan Albrecht Bengel wie se teks in 1734 verskyn het.

Hy bly steeds by Textus Receptus, maar hy korrigeer dit op verskeie plekke. Hy ontwerp 'n sisteem waarvolgens hy die lesings in MSS, vertalings en sitate ten opsigte van hulle verhouding met die gedrukte teks evalueer.

Belangriker as sy teks is sy uiteensetting van sy metodiek wat hy reeds in 1725 publiseer. Sy ondersoek van die MSS lei hom daartoe om die MSS in *tekstipes* in te deel. So identifiseer hy *twee* tekstipes, 'n Asië-groep (wat die jonger MSS insluit en rondom Konstantinopel ontstaan het), en 'n Afrika-groep (wat die ouer MSS insluit).

e. Wettstein

Die eerste om in Bengel se spore te volg, was Johann Jakob Wettstein oorspronklik van Basel maar later van Amsterdam. Hy publiseer in 1751-52 sy Griekse NT. Hy publiseer die Textus Receptus maar bring in die kantlyn die lesings aan wat hy beter ag. Verder is sy teks voorsien van 'n goeie kritiese apparaat. Die gebruik aan Unciaal-MSS met hoofletters aan te dui en Minuskel-MSS met syfers aan te dui, kom die eerste keer by hom voor.

f. Semler

Die werk van Johann Salomo Semler is vir die tekskritiek van groot belang. Hy het nie 'n teks gepubliseer nie, maar het die werk van Bengel voortgesit. Hy identifiseer *drie* groepe: 'n Alexandrynse groep, wat veral in die Koptiese en Siriese vertalings en die aanhalings van Origenes voorkom; 'n Oosterse groep, wat in Antiochië en konstantinopel bekend was; en 'n Westerse groep, wat veral in Latynse kerkvaders en vertalings voorkom.

Semler het hierdie groepe as Resensies, dus gefabriseerde tekste, getipeer. Verder meen hy dat die jonger tekste 'n vermenging van die resensies was.

g. Bowyer

William Bowyer publiseer tussen 1715 en 1763 'n aantal uitgawes van die Griekse NT. In sy laaste uitgawe (1763) wyk hy af van Textus Receptus ten gunste van lesings wat hy as beter lesings ag. Onder hierdie lesings is 'n aantal Konjektore, dit wil sê lesings wat *nie* in MSS voorkom nie, maar wat hy self as korreksies voorstel.

6.4. VAN AANVAARDE TOT KRITIESE TEKS (1775-1881)

A Die Stryd teen die Aanvaarde Teks

In die laaste kwart van die 18de eeu verander die aard van die stryd teen die oorheersing van die Textus Receptus, deurdat daar in hierdie tyd begin is om alternatiewe tekste te publiseer.

a. Harwood en Griesbach

Die Brit Edward Harwood was waarskynlik die eerste om 'n radikaal ander teks te publiseer: sy teks, wat in 1776 verskyn het, was hoofsaaklik op Kodeks D gebaseer.

Johann Jakob Griesbach publiseer in 1775-1777 sy teks. Hy sluit in sy metode aan by Semler, en hy verfyn Bengel se indeling van MSS nog verder. Hy identifiseer 'n Afrika-groep, 'n Westerse groep en 'n Konstantinopel-groep. Laasgenoemde het uit hoofsaaklik jonger MSS bestaan en as gevolg van 'n redaksionele proses ontstaan en wel uit die twee ouer groepe. Hy ontwikkel ook die metode waarvolgens variante lesings geëvalueer word. Hy publiseer vir die eerste keer 'n teks wat beduidend afwyk van Textus Receptus.

b. Matthaei, Alter, Hug en Scholz

In 1782-1788 publiseer Christian Friedrich Matthaei 'n weergawe van die Griekse en Latynse NT in 12 volumes.

Hierna het Frans Karl Alter in 1786-1787 sy teks. Sy teks het inligting uit Slawiese MSS.

Van groter belang vir die metodiek is Johann Leonhard Hug en Johannes Martin Augustinus Scholz se publikasies. Hug het veral in die geskiedenis van die Westerse teks belanggestel. Scholz keer egter terug na Bengel en soos hy identifiseer hy twee groepe, 'n Alexandrynse-groep en 'n Konstantinopel-groep. Eersgenoemde het die ouer en laasgenoemde het die jonger MSS bevat. Hy kies egter die jonger (Bisantynse) MSS as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks.

c. Lachmann

Sy groot bydrae lê op twee vlakke, naamlik in sy teorie van die genealogie van MSS en in die feit dat hy die eerste was om 'n totale alternatiewe teks te publiseer. Lachmann formuleer die teorie dat die MSS van die NT aan mekaar verwant is soos die lede van 'n groot familie, omdat elke MS van 'n ander gekopieer is. Elke bekende MS was dus die pa van 'n aantal ander en terselfdertyd die seun van 'n ander. Dus moes MSS met mekaar vergelyk word om te bepaal hoe hulle van mekaar afhanklik is. Deur alle MSS met mekaar te vergelyk, moet die werklike genealogie van die NT se MSS opgestel word sodat tot bo-aan die genealogie die beste MS geïdentifiseer sal word.

Die belangrikste implikasie van sy genealogiese model is die beginsel dat MSS gewee en nie getel moet word nie.

d. Tischendorf

LFC van Tischendorf publiseer in 1841 sy eerste van 9 uitgawes van die Griekse NT. Die belangrikste is sy 8ste uitgawe, die sogenaamde Editio Maior Critica. In navolging van Lachmann word dit as 'n teks aangebied wat verteenwoordigend is van die teks wat in die 4de eeu algemeen gebruik is. Die teks is in hoofsaak op Kodeks Sinaiticus gebaseer. Verder bevat dit die mees uitgebreide tekskritiese apparaat tot op daardie stadium.

e. Tregelles en Alford

Tregelles se teks verskyn in 1857-72 in ses dele in London. Hierdie teks is volgens min of meer dieselfde beginsels as Lachmann se teks saamgestel.

Alford het self nooit 'n teks gepubliseer nie, maar hy het Lachmann se tekskritiese beginsels gepropageer en dit het ook praktiese neerslag gevind in sy kommentaarreeks op die NT.

7 Die Kritiese Teks

7.1 Westcott en Hort

Die finale deurbraak het uiteindelik in 1881 gekom toe daar in Engeland 'n weergawe van die Griekse Nuwe Testament verskyn wat deur twee Britse tekskritici, Brooke Foss Westcott en Fenton John Anthony Hort na bykans 30 jaar se gesamentlike arbeid saamgestel is onder die titel: The New Testament in the Original Greek. Hierdie teks is bedoel om Textus Receptus te vervang. Dit is ook inhoudelik 'n teks wat byna 1200 jaar ouer is as die TR. Saam met die teks verskyn 'n inleiding deur Hort geskryf en nagesien deur Westcott, waarin die onderliggende beginsels en metodes van die teks in detail uiteengesit word. Dit was veral die inleiding wat die wêreld finaal oortuig het dat Textus Receptus geensins as 'n betroubare weergawe van die oorspronklike teks geag kan word nie. Hier is nou sowel die metode as die gerekonstueerde geskiedenis van die teks weergegee en dit is wat Textus Receptus se gesag finaal ondermyn het.

a. Die Uitgangspunt

Westcott en Hort se hele metodiek kom daarop meer dat die NT op dieselfde wyse as ander tekste oorgelwer is en daarom aan dieselfde mate en wyse van tekskorrupsie as ander tekste blootgestel is. Gevolglik behoort ook die metodes waarvolgens die teks van die nT gerekonstrueer word, nie van die metodes vir die rekonstruksie van ander dokumente te verskil nie.

b. Die Metode

* Interne getuienis van lesings beskou hulle as die heel basiese vorm van tekskritiek. Een lesing uit die variante lesings word gekies op grond van bepaalde interne kriteria, soos die styl van die skrywer, sy woordgebruik, en verder die in ag neming van die moontlike oorsake vir die foute en veranderinge. Hierdie interne getuienis lewer egter nie betroubare resultate vir die rekonstruksie van die teks nie. Daarom moet die bestudering van die dokumente as die basies aan die metode gebruik word. Dokumentêre getuienis word dan as van deurslaggewende betekenis beskou. Deur middel van die bestudering van elke MS individueel om op grond van die karakteristieke eienskappe van elke MS te bepaal watter MS die oorspronklike teks bevat - so word dan die sg. "beste" manuskrip geïdentifiseer. Hiertoe moet ook die MSS binne hul onderlinge verhoudings bestudeer word.

* Hierdie bestudering van die onderlinge verwantskap van dokumente lei tot die derde aspek van Hort se metode, naamlik die bestudering van die genealogiese getuienis. Dit beteken om die geskiedenis van die teks te rekonstrueer deurdat alle MSS met mekaar vergelyk word ten einde telkens die gemeenskaplike archetipe van 'n groepie MSS te identifiseer. Deur verdere vergelyking met ander groepe MSS en archetipes word nog 'n vroeëre archetipe geïdentifiseer. So kan verder terugbeweeg word deur die geskiedenis na die "beste manuskrip". * Hierdie genealogiese getuienis word gebruik vir die identifikasie van groepe en die bepaling van die verwantskap tussen die groepe, dus die interne getuienis van groepe. Hierdie groepe word aan die hand van hulle tipiese historiese en inhoudelike kenmerke binne in genealogiese raamwerk gerangskik. So word die teksgeskiedenis gerekonstrueer en op grond daarvan word die "beste manuskrip" geïdentifiseer.

c. Die Tekshistoriese Model

Dit gaan oor die identifikasie van die sogenaamde "beste MS". Drie lokale tekstipes het ontstaan: Alexandrynse, Westerse en Siriese (ook bekend as Bisantynse). Die Siriese het die minste waarde omdat dit in ongeveer die 4de eeu ontstaan het uit die Alexandrynse en Westerse tekstipes deur die redaksionele arbeid van Lucianus van Antiochië. Die Alexandrynse tekstipe is weer van groter waarde as die Westerse tekstipe omdat dit aan veel minder tekskorrupsie onderwerp was en gevolglik 'n meer betroubare teks het, alhoewel beide gedurende die 2de eeu hul oorsprong het. Onder die MSS is Kodeks Sinaiticus en Vaticanus die suiwerste en mees betroubare van die Alexandrynse tipes. Hulle word as so suiwer gereken dat Westcott en Hort hulle as neutrale MSS tipeer, omdat hulle neutraal staan van tekjkkorrupsie. As sodanige is hierdie MSS dus die "beste MS" en behoort hulle as die uitgangspunt vir die samestelling van die teks gebruik te word.

Vir die identifikasie van bogenoemde tekstipes maak Hort veral van genealogiese getuienis gebruik, waarmee hulle aantoon dat MSS wees hul genealogiese verbondenheid aan mekaar in groepe (tekstfamilies) ingedeel kan word. Deur hierdie tekstfamilies dan op grond van inhoudelike en historiese aspekte genealogies aan mekaar te verbind, word

aangetoon watter groep of familie die "beste MS" bevat en watter MSS binne hierdie groep die "beste MS" is.

Die eerste stap in die identifikasie van die "beste MS" en dus ook in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, is om aan te toon dat die Siriese teks van geen belang is vir die herstel van die oorspronklike teks nie. So word 'n groot groep MSS uitgeskakel. Die Siriese teks het later as die ander tekstipes ontstaan en het 'n eklektiese aard.

7.2 Die Eerste Kritiese Vertaling

Hoewel hulle op hulle eie gewerk het, was die jarelange arbeid van Westcott en Hort nou verweef met die projek om die Engelse vertaling van die Bybel in Engeland te hersien. Beide Westcott en Hort het op die komitee gedien wat onder voorsitterskap van Biskop Ellicott gevorm is om die ou Authorised Version of King James Bible van 1611 te hersien. Dit het egter uitgeloop op 'n nuwe vertaling, wat benewens taal en styl ook veral die grondteks geraak het. Die resultaat, die Revised Version, het in dieselfde tyd as Westcott en Hort se teks verskyn. Die Revised Version was die eerste vertaling wat op 'n kritiese weergawe van die Griekse NT gebaseer is.

7.3 Reaksie op Westcott en Hort

a. Salmon en Bédier

George Salmon het dit veral gehad oor Westcott en Hort se verwerping van die Westerse teks.

Josef Bédier se kritiek was meer metodologies van aard en het dit veral teen die genealogiese metode gehad. Hy het verkies om die beste MS te kies op grond van interne aspekte soos taal, styl, ortografie en die interne samehang en koherensie binne in MS. Hy het dus verkies om 'n meer eklektiese werkwyse te volg.

b. Burgon

In drie boeke val Burgon die teks van Westcott en Hort aan op elke denkbare vlak. Veral die eerste boek, *The Revision Revised*, wat in 1883 verskyn het, is belangrik. Hy handel oor meer as die grondteks en val ook sake soos die vertaaltegniek, hul metode en teologiese integriteit aan.

Burgon spreek skerp kritiek uit teen die feit dat die teks van Westcott en Hort hoofsaaklik op Kodeks Sinaiticus en Vaticanus gebaseer is. Burgon ag hulle as die mees onbetroubare MSS wat bekend is, omdat volgens hom dit onmoontlik is om 'n genealogie van MSS daar te stel. Verder wys Burgon sy lesers daarop dat Westcott en Hort in der waarheid "skrifkritici" was, wat in hulle algemene teologie die gesag van die Skrif nie erken nie. Daarom is ook hulle tekskritiese werk van geen waarde nie, aangesien die nuwe teks en vertaling die Bybel verdraai en vervals. Deeglike ondersoek toon egter dat Burgon self

nie veel kennis van die antieke tale gehad het nie, en dat sy teorieë bloot op spekulاسie gegrond is.

Die invloed van Burgon word vandag by sommige fanatiese groepe aangetref, soos die Israelvisie dwaalleer. Hulle wys daarop dat Burgon se standpunt waardevol is, gewoonlik omdat hulle leerstellinge het wat op die vertaling van tekste gegrond is eerder as op die grondtekste.

8 DIE VESTIGING VAN DIE KRITIESE TEKS (1881-1930)

Die klassieke metode en historiese model van Westcott en Hort het die verbeelding van die tekskritiese wêreld so aangegryp dat elemente en aspekte daarvan die toneel vir die volgende ongeveer 50 jaar oorheers het. Veral aspekte van die geskiedenis van die teks het die verbeelding aangegryp. Sake soos die teksfamilies, die klassifikasie van MSS en die onderlinge verhouding van teksfamilies tot mekaar het besondere aandag gekry.

a. Nestlé

Die eerste belangrike teks na die teks van Westcott en Hort verskyn in 1898 in Duitsland, nl. die van Ebenhard Nestlé, wat hy saamgestel het op grond van 'n vergelyking van die belangrikste kritiese uitgawes tot op daardie stadium. Hy het die tekste van Tischendorf, Westcott en Hort, en Weiss vergelyk met telkens die meerderheidslesing in sy teks gepubliseer. Die teks het talle uitgawes beleef en na Nestlé se dood in 1913 is die werk deur sy seun Erwin Nestlé voortgesit. Sedert die 24ste uitgawe van die teks in 1960 tree Kurtaland as samesteller op en sedertdien staan die teks as Nestlé-Aland-tekste bekend. Die laaste uitgawe, die 26ste, het in 1979 verskyn en is onder voorsitterskap van Aland deur 'n paneel van 5 deskundiges saamgestel. Waar di aanvanklik 'n teks was waarin die meerderheidslesing van verskillende gepubliseerde tekste voorgekom het, - dus 'n blote weergawe van die stand van die wetenskap op daardie stadium - het dit later 'n kritiese uitgawe in eie reg gevorm. Nestlé is naas sy teks ook bekend vir 'n besonder gedetailleerde inleiding in die tekskritiek.

b. Gregory, Von Dobschutz, Von Harnack, Dibelius en Lietzman

Hoewel hulle geen teks die lig laat sien het nie, verdien twee Duitse geleerdes, Casper Rene Gregory en Ernst von Dobschutz vermelding. Hulle het saam met 'n aantal ander Duitse tydgenote waaronder Adolph, Von Harnack, Martin Dibelius en Hans Lietzman het hulle aan verskillende aspekte van die metodologie aandag gegee. Wat veral Gregory en en in 'n mindere mate Von Dobschutz, van besondere belang vir NT Tekskritiek maak, is die feit dat hulle die verwysing- of noteringsstelsel van die MSS gestandaardiseer het.

c. Souter

In 1910 verskyn die teks van Alexander Souter in Engeland. Hy wou die teks wat agter die Revised Version lê, rekonstrueer, dit wil sê die werklike grondtekste van RV daarstel.

d. AC Clark

In 1933 verskyn daar in Engeland 'n merkwaardige teks van die Handelingboek wat deur Albert C Clark saamgestel is. Sedert Bengel en Westcott en Hort se teks is aanvaar dat die kort lesing eerder as die lang lesing 'n meer getroue weergawe van die oorspronklike sou wees. Clark het egter hierdie beginsel omgekeer. Volgens hom is die korter Alexandrynse teks minder betroubaar as die Westerse teks. Hy het dus direk van Wentt verskil.

e. Von Soden

Hermann Freiherr von Soden publiseer in 1902-1913 'n monumentale weergawe van die Griekse NT. Die grondslag van sy teks is ty tekshistoriese model. Hy identifiseer 3 teksfamilies of tekstipes, nl. 'n H, 'n I en 'n K-tekse. Die H-tekse (Hesychiustekse), kom ooreen met W en H se Alexandrynse tekse. Die I-tekse is die Jerusalemtekse en dit het ontstaan na 'n resensie deur Eusebius en Pamphilus van Caesarea. Dit kom min of meer ooreen met Wentt se Westerse tekse. Die K-tekse sluit die groot groe MSS in wat ooreenkom met W en H se Siriiese tekse. Von Soden herlei hierdie tekse tot die resensie deur Lucianus van Antiochië. Von Soden se grootste betekenis lê veral in die kritiese apparaat wat sy tekse vergesel het. Hy het probeer om 'n volledige kritiese apparaat daar te stel waarin die lesings van alle bekende MSS, vertalings en sitate weergegee word. Hy het ook 'n nuwe noteringsstelsel ontwerp wat drasties van die van Gregory verskil het. Dis 'n ingewikkelde stelsel waarin inligting soos 'n MS se ouderdom en teksverwantskap in die simbool van elke MS verwant is.

Hoewel Von Soden se werk belangstelling gaande gemaak het, is dit nie deur die tekskritiese wêreld aanvaar nie en word hierdie hele grootse poging as 'n mislukking beskou.

d. Vogels, Merk en Bover

Drie tekste deur Rooms Katolieke tekskritici verskyn tot die middel van die 20ste eeu: Vogels, se tekse in 1920, A Merk se tekse in 1933 en die van Bover in 1943. Vogels se inleiding tot die tekskritiek is as standaardinleiding in Duits beskou tot die laaste inleiding deur die Alands.

e. Lake, Blake en Streeter

Die werk van twee Amerikaners, Kirsopp Lake en Silva Lake, is belangrik omdat hulle betrokke was by die identifikasie van die Caesariaanse tekse, wat 'n baie pertinente verfyning van die Westcott en Hort model verteenwoordig. Later het hul kollega RP Blake aangetoon welke kodekse nog by hierdie groep behoort. Uiteindelik het BH Streeter hierdie groep met die tekse wat Origenes in Caesarea gebruik het, verbind, sodat hierdie tekstipe die naam Caesariaanse tekse gekry het.

f. Kenyon

Frederick G Kenyon het in Engeland veel tot die metodologiese ontwikkeling bygedra deur sy inleiding in die Tekskritiek in die eerste gedeelte van die eeu as standaardwerk in Engeland gebruik is. Hy het baie bygedra tot die popularisering van Westcott en Hort se metodiek.

g. Streeter

BH Streeter is bekend veral omdat hy Westcott en Hort se historiese model met 'n eie nuwe historiese model vervang. Sy teorie staan bekend as "die teorie van lokale tekste". In elke kerklike streek het 'n eie lokale tekstipe ontstaan, omdat die teks aanvanklik binne elke kerklike streek in 'n groot mate van isolasie oorgelewer is. Hy identifiseer lokale tekste in Alexandrië, die ooste (waar twee lokale tekste voorgekom het, naamlik in Caesarea en Antiochië), en die Weste (waar ook twee voorgekom het, nl. in Italië en Kartago). Later het daar 'n tendens ontwikkel om 'n akkurate en getroue teks te ontwikkel en gebruik.

So het kleiner kerksentra MSS by die groter kerksentra gekry en op hierdie wyse het die lokale tekste van die kleiner kerksentra met die groter sentra se tekste geassimileer. Uiteindelik het ook die groter kerksentra hulle tekste met mekaar vergelyk. Op hierdie wyse het die Bisantynse teks tot stand gekom.

8.1 Eklektisisme

Dit is wanneer nie een bepaalde tekstipe gevolg word nie, maar tekste saamstel deur lesings van verskillende tekstipes te kies.

a. Weiss

Bernhard Weiss publiseer in 1894-1900 'n teks in drie volumes. Hy het hom in die samestelling van sy teks hoofsaaklik deur sy eksegetiese arbeid laat lei. Uiteindelik het sy teks in 'n groot mate met die van Kodeks Vaticanus ooreengekom.

b. Turner

Hy het sy tekskritiese denke bekend gemaak in 'n reeks artikels oor die taal en styl van Markus. Hy werk hoofsaaklik met stilistiese en filologiese aspekte (dus Hort se interne getuienis van lesings).

8.2 Vertalings

Gedurende hierdie vroeë deel van die 20ste eeu is baie van die ou vertalings in tale soos Engels, Frans en Duits hersien en sonder uitsondering is verstellings aan die grondteks gemaak.

‘n Uitsondering was die OAV van 1933, wat steeds op Textus Receptus gebaseer is. Die groot oorweging was om nie van die Statevertaling te verskil nie ter wille van die aanvaarding van ‘n Bybel in Afrikaans. In 1916 word ‘n kommissie gevorm om met die vertaling van die Bybel te begin. Aanvanklik is besluit om uit Nederlands te vertaal, maar na die verskyning van die proefvertaling in 1922, is besluit om tog maar uit die Grieks te vertaal, en dit het die vraag na die grondteks weer na vore gebring. Daar is, ten spyte van teenstand, besluit om tog die Textus Receptus as grondteks te gebruik, veral omdat gevrees is dat indien ‘n teks gebruik word wat verskil van die Statevertaling, dit die hele vertaalpoging sou laat misluk. Verder is gemeen dat die verskille tussen die kritiese teks en Textus Receptus so min is, dat dit in werklikheid nie so ‘n groot verskil sou maak watter teks gebruik is nie.

9 DIE EKLEKTIESE TEKS (1930-1990)

9.1 Eklektisisme

9.1.1 Vroeë Eklektisisme (1930-1960)

Die ontdekking van die Chester Beatty-papiri in die twintigerjare het vir die eerste keer in die geskiedenis direkte inligting oor die toestand van die teks in die 3de eeu gebied. Dit was dus vir die eerste keer moontlik om die kernaspekte van Hort se model te toets. Daar is aanvanklik verwag dat die papiri die model sou bevestig deur binne die model van teksfamilies te pas. Dit het egter nie so gebeur nie. Die tekste van die papiri moes as gemengde tekste getipeer word. Dit het die aandag al meer op die MSS self gerig eerder as op die teksfamilies.

a. Lagrange en Vaganey

Hierdie twee Franse tekskritici het albei gepleit vir ‘n meer rasonale benadering, waarin die oplossing van tekskritiese probleme nie deur die historiese keuse van ‘n “beste MS” opgelos word nie, maar waarin elke tekskritiese probleem individueel oplos deur die oorweging van veral interne getuienis en dan moet redes gegee kan word waarom die lesing as oorspronklik beskou word.

b. Zuntz

Zuntz het in 1953 in detail lesings in die Pauliniese briewe bespreek terwyl hy besondere aandag aan p.47 wy.

c. British and Foreign Bible Society (2de uitgawe) (BFBS)

Die tweede uitgawe van BFBS het in 1954 verskyn en was deur Erwin Nestle en George Kilpatrick saam voorberei. Kilpatrick het ‘n radikale weergawe van die eklektiese metode voorgestaan.

9.1.2 Latere Eklektisisme: Gematig (1960-1990)

Die ontdekking van die Martin Bodmer-papiri het die aandag van die tekskritici eers weer na die MSS gelei maar nou het die geskiedenis van die teks en die rekonstruksie daarvan weer op die voorgrond getree. Aanvanklik is verwag dat die papiri die historiese model van Hort sou bevestig. Sekere MSS soos p. 75, wat baie nou met Kodeks Vaticanus ooreenkom, het dit inderdaad ook gedoen. Dog sekere MSS, soos veral p. 66, wou nie binne die Hort model pas nie. Daar is nou besef dat dit problematies is om hierdie MSS as gemengde MSS te beskou, wat eienskappe van meer as een tekstipe bevat, omdat hulle almal vroeër as die oudste MSS waarop Hort se model gebaseer word, gedateer is. Dit was egter nie so maklik om 'n alternatiewe rekonstruksie daar te stel nie. Een van die groot probleme is omdat die papiri so fragmentaries is.

a. Colwell

Die Amerikaanse tekskritikus EC Colwell het in die vyftigerjare gepleit dat weer na Westcott en Hort teruggekeer moet word sodat meer aandag aan die teksgeskiedenis gegee kon word. Self was Colwell betrokke by die ontwikkeling van metodes om die akkurate en noukeurige bepaling van die verwantskap van MSS.

b. Metzger, Wikgren, Black, Martini, Aland, Klijn, Epp en Fee

'n Samestelling van aspekte van die eklektiese benadering van die dertiger- tot die sestigerjare en die nuwe klem op die tekshistoriese aspekte wat sedert die sestigerjare ontwikkel het, het uitgeloop op dit wat vandag as die "gematigde eklektiese metode" bekend

geword het. Die ontwikkeling van hierdie metode staan in noue verband met die werk van tekskritici soos Colinell, Bruce Metzger, Allen Wikgren, Matthew Black, Carlo Martini, Kurt Aland, Fred Klijn, Eldon Epp en Gordon Fee. Dit is ongetwyfeld verhaas deur die projek wat in 1955 deur die United Bible Societies geloods is om 'n teks daar te stel wat veral vir die vertaling van die Griekse NT geskik is. Veral Metzger het baie bygedra tot die afronding en formulering van die metode vroeg in die sewentigerjare. Die metode is op die lesings gerig om aan die hand van eksterne en interne kriteria elke geval van variasie te bepaal watter lesing waarskynlik die oorspronklike verteenwoordiging. Op hierdie wyse moet die geskiedenis van elke variasie-eenheid individueel beskryf word. Die lesing wat deur die variasie-geskiedenis as waarskynlik die oorspronklike uitgewys word, moet gekies word.

c. Die UBS-tekste

Bogemelde metode is gebruik in die samestelling van die United Bible Societies se teks, die sg. UBS-reeks. Hierdie reeks tekste is op inisiatief van die vertaalkundige Eugene A Nida in 1955 van stapel gestuur. Die Duitser Kurt Aland is as voorsitter van 'n internasionale paneel tekskritici, bestaande uit hom, die Amerikaners Metzger en Wikgren, die Brit Black, en die Italianer Martini (Voöbus het vir 'n kort rukkie in die plek van Martini in die paneel gedien), aangewys om die projek te koördineer. Die eerste uitgawe (UBS 1) het in 1966 en die tweede kort daarna (UBS 2) in 1968 verskyn. Selfs

na die eerste twee uitgawes was die paneel nog nie tevrede nie en in 1975 (UBS 3) verskyn die derde en laaste uitgawe van die reeks. In 1983 verskyn 'n heruitgawe waarin die tekskritiese apparaat hersien en op datum gebring is. Saam met die derde uitgawe het ook verskyn in 1971 in Textual Commentary, deur Metzger geskryf, waarin hy elke variasie-eenheid behandel.

d. Die Nestle-Aland-reeks

Intussen het ook die Nestle-Aland-reeks enkele uitgawes beleef. Die 24ste uitgawe het in 1960 verskyn, en die 25ste in 1963. Die 25ste uitgawe het die invloedrykste teks gebly tot met die verskyning van die 26ste uitgawe in 1979. Die 26ste uitgawe het presies dieselfde teks as die in UBS 3 bevat, met alleen die tekskritiese apparaat wat verskil het.

e. Aland en die Institut für Neutestamentliche Text Forschung

Die voortgaande produksie en hersiening van veral die Nestle-Aland-reeks, maar tans ook die UBS-reeks, staan in 'n nou verband met die werk van die Institut für Neutestamentliche Text Forschung in Münster, Wes-Duitsland. Hierdie instituut is na die Tweede Wêreldoorlog deur Aland gestig. Die eerste doel van die Instituut was om soveel moontlik MSS van die Griekse NT op mikrofilm vas te lê. In hierdie doel is geslaag in soverre as dat 95% van alle MSS by die Instituut op mikrofilm beskikbaar is vir enigeen wat dit wil bestudeer. Die verwerking van die inligting in die MSS is tans onder leiding van Barbara Aland, die nuwe direkteur, en die eerste projek om naamlik 'n kritiese uitgawe van die teks met 'n volledige kritiese apparaat van die Algemene Briewe saam te stel, is onlangs gepubliseer. Ander verwante projekte is ook aan die gang.

f. O'Callaghan

Die Spaanse tekskritikus O'Callaghan het vroeg in die sewentigerjare beweer dat enkele papiirusfragmente wat onder die MSS by die Dooie See gevind is, moontlik MSS van die NT kan wees. Die fragmente was egter so klein (dit het slegs enkele letters bevat), dat daar bewys is dat daar ook talle plekke in die LXX is waar die MSS kan pas.

9.1.3 Latere Eklektisisme: Radikaal (1960-1990)

a. Kilpatrick

Geïnspireer deur veral Lagrange se oproep tot rasonale kritiek, het enkele tekskritici heeltemal gebreek met die gedagte van 'n "beste MS" en gebruik hulle hoofsaaklik interne getuienis om die teks te rekonstrueer. Hierdie beweging is begin deur GD Kilpatrick, wat in sy Greek-English Diglot van hierdie radikale eklektiese metode gebruik gemaak het.

b. Tasker

Die teks van RVG Tasker wat in 1961 verskyn het, was 'n poging om die teks ten grondslag van die New English Bible te rekonstrueer deur gebruikmaking van konsekwente eklektiese beginsels.

c. Elliott

Hy gebruik uitsluitlik interne getuienis om tekskritiese probleme op te los. Benewens talle artikels het sy benadering in 'n gedetailleerde bespreking van die teks van die Pastorale Briewe neerslag gevind.

d. Boismard en Lamouille

Die laaste noemenswaardige eklektiese teks wat in die tagtigerjare verskyn het, is 'n uitgawe van die teks van Handelingde deur twee Franse tekskritici ME Boismard en A Lamouille in 1984. Die Alexandrynse teks Handelingde deur twee Franse tekskritici ME Boismard en A Lamouille in 1984. Die Alexandrynse teks van Handelingde is korter as die langer Westerse teks. Hierdie twee meen dat beide tekste uit die pen van die skrywer van Handelingde gekom het, maar dat een 'n latere hersiening van die ander is.

9.2 Die Meerderheidstekes

Die tweede helfte van die 20ste eeu is ook gekenmerk deur 'n nuwe belangstelling in Textus Receptus. Daar is selfs 'n Majority Text Society in die sewentigerjare gestig om aan hierdie beweging momentum te gee.

a. Hills

Die beweging het in die vyftigjare ontstaan toe EF Hills in 1956 weer probeer het om Textus Receptus te verdedig.

b. Hodges, Pickering, Van Bruggen en Sturz

In Dallas, Texas, het Zane Hodges in die sestigerjare en Wilbur Pickering in die sewentigerjare om Textus Receptus te laat herleef. In Nederland het ook 'n boekie van Jakob van Bruggen verskyn waarin die aansprake van hierdie teks opnuut verdedig word.

Hulle probeer argumente aanvoer waarom die tekstipe wat in Textus Receptus aangetref word, die laat-Middeleeuse minuskeltteks of dan die meerderheidstekes, 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks is. Die verskyning van 'n werk deur H Sturz in 1984, waarin lesings van die papiri as 'n bewys van die waarde van die Bisantynse teks voorgedhou word, is die enigste noemenswaardige poging om die aansprake van hierdie beweging op 'n vaste grondslag te plaas.

c. GNTMT

In 1982 word die resultate van hierdie nuwe beweging om die herstel van die teks van Textus Receptus gepubliseer met die titel The New Testament According to the Majority Text (GNTMT). Hierdie teks berus op 'n poging om die benadering aansien te gee, en berus op die resultate van 'n genealogiese metode. Verder word lesings wat in die meerderheid MSS voorkom, as die betroubarde lesing geneem.

e. Die New King James Bible

Hierdie pogings om die meerderheidstekste te bevorder, het ook reeds in vertalings neerslag gevind. In 1981 verskyn die New King James Bible. Dis 'n poging om die taak van die ou King James Bible van 1611 te moderniseer en om die mees ooglopende tekstkritiese probleme (soos die Comma Johanneum in Jn 5:7-8) daaruit te haal.

6.3 Teksritiese Apparaat

a. Legg

Omdat beide Tischendorf en vom Soden se teks of onakkuraat of nie meer op datum was nie, is die taak aan SCE Legg opgedra om met so 'n projek te begin in 'n poging om 'n teks met 'n volledige kritiese apparaat daar te stel. Die Evangelie van Markus verskyn in 1935, terwyl die teks van Mattheus in 1940 verskyn. Die twee tekste is egter gekritiseer vir onakkuraatheid en onvolledigheid van inligting met die gevolg dat die uitgewer geweier het om met die projek voort te gaan. Nogtans bly die twee tekste tot nog toe met die volledigste kritiese apparaat.

b. Die IGNTP-teks van Lukas

Legg se tekste het misluk omdat die inligting te veel geword het vir 'n enkeling om te hanteer. Gevolglik is 'n komitee van tekstkritici wat met die teks van die Lukasevangelie sou voortgaan, laat in die veertigerjare in die VSA en Engeland gevorm. So het dit wat as die International Greek New Testament Project (IGNTP) bekend geraak het, sy beslag gekry. Wat aanvanklik as 'n projek vir enkele jare beplan is, het uiteindelik 40 jaar geneem om te voltooi. Die uiteindelige produk het in 1984 en 1987 onder die redakteurskap van K Elliott verskyn. Dit is gepubliseer as die derde volume van die reeks wat deur Legg begin is. Textus Receptus is as basisteks gebruik ter wille van koste besparing, omdat dit soveel ooreengestem het met die minuskels.

c. IGNTP-teks van Johannes

In 1988 is twee nuwe komitees gevorm in Engeland en die VSA om met die Johannes-evangelie voort te gaan.

Dit word egter verwag dat die projek veel gouer afgehandel sal wees as die van die Evangelie van Lukas.

d. Osburn

Carroll Osburn van Texas, in die VSA werk aan 'n projek oor Handeling. Dit sal 'n poliglot wees met die Griekse teks en die belangrikste vertalings van Handeling, vergesel van 'n volledige kritiese apparaat van elkeen.

e. Die Editio Minor Critica

Die Editio Minor Critica-projek van Barbara Aland in Wes-Duitsland poog om 'n volledige kritiese apparaat vir die Algemene Briewe daar te stel. Dit sal nie 'n bestaande teks as basis neem nie, maar die apparaat by 'n kritiese uitgawe van die betrokke boeke voeg.

9.4 NAV (1983)

Die Nuwe Afrikaanse Vertaling wat in 1983 verskyn het, het begin met UBS, van 1966 te gebruik. Die finale produk is uiteindelik op die 3de uitgawe gebaseer. Die NT van die NAV is dus op die beste beskikbare teksuitgawe van die Griekse NT gebaseer.

9.5 ABV 2018

Daar word tans gewerk aan die nuutste Afrikaanse Bybelvertaling, gebaseer op die Kodeks Sinaiticus (die oudste teks tot ons beskikking) wat ten doel het om 'n letterlike vertaling van die teks weer te gee. Die AP Kerk is ook by hierdie projek betrokke. Tans staan die projek bekend as die ABV (aanstaande Bybelvertaling). Die nuutste taalkundige- en teologiese kennis word ingespan om 'n vertaling voort te bring wat poog om die beste uit die 1953 vertaling (naamlik die letterlike vertalingsmetode), asook die beste uit die 1983 vertaling (naamlik die beste en oudste grondteks). Anders as in die geval van so baie ander vertalings wat vandag beskikbaar is, word hierdie vertaling nie op een of ander bestaande vertaling gebaseer nie, slegs die oudste Griekse en Hebreeuse lesings word oorweeg.